

Maandag 3 September

Skrifgedeelte: Rigters 2:1-10

Fokusgedeelte: Rigters 2:1-2

Besef die Here alleen is God

Die Here alleen is God. Niks of niemand is soos Hy nie. Hy deel daarom ook nie enige van sy heerskappy met enige afgod of wêreldmag nie. Die Here se opdrag om die altare van die vreemde gode af te breek, moes Israel beskerm teen die gedagte dat die Here God is saam met al die ander gode van Kanaän.

Hierdie besef, dat die Here alleen God is, is vandag steeds van kritiese belang vir die daaglikse uitlewing van ons geloof. In Suid-Afrika word elkeen se reg om die geloof (en ook die ongeloof) van sy keuse te beoefen, wetlik beskerm. Tog kan ons as Christene nie inkoop in die gedagte dat alle gelowe – en daarom dan ook alle gode – gelyk is nie.

In ons Skrifgedeelte verwys die Here terug na die verlossingsdade wat Hy aan Israel bewys het toe Hy hulle uit die slawerny van Egipte bevry het. Hierdie verlossingsdade was 'n heenwysing na die eintlike verlossing wat God deur Jesus Christus vir ons sou bewerk. Jesus Christus se kruisiging en opstanding was 'n bewys en bevestiging van God se al-leenheerskappy oor ons en die ganse skepping. Daarom dat Jesus kon sê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6).

Mag die besef dat die Here alleen God is, jou opnuut bemoedig om op Hom alleen te vertrou. Mag die Heilige Gees jou ook dring om met groter moed en ywer te verkondig: Jesus Christus is die Here.

Sing: Psalm 99-1:1

Ds. WJ (Willem) Steyn (Potchefstroom Die Bult)